



## SEWE WEKE V: ONDERONSIE

### Handelinge 15:1-35

#### Inleiding:

Dit is harsteer om te weet dat konflik een van die mees basiese sekerhede van die mens is.

- Daar is op enige gegewe moment 50 gewapende konflikte iewers op ons aardbodem aan die gang
- Vandag is daar die meeste regsgeleerdes in Amerika nog ooit: 1 vir elke 320 mense (meer as dokters)
  - Konflik het 'n magdom gesigte: Sosiale konflik, etniese konflik, godsdienstige konflik, e, politiese konflik, ekonomiese konflik, konflik oor grond en korrupsie, ras konflik en huishoudelike konflik, ens.
  - Konflik is dus onvermydelik. Ons weet nie wanneer, waar of van wie nie.

En ons dink dan dat Christene darem seker nie konflik onder mekaar beleef nie, maar van die begin af lees ons hoe baie konflik daar in die gemeentes was:

- Die gemeente in Korinte het konflik beleef oor offervleis

- Die gemeente het konflik beleef oor hoe mens sekere dae moes vier (Romeine 14).

Vandag nog baie konflik oor uiteenlopende sake byv.:

- Grootdoop vs kleindoop
- Kreasoniste teenoor evolusioniste
- Moet mens Kersfees vier al dan nie
- Moet jy in tale kan praat as teken dat jy die HG het?
- Belhar belydenis
- Homoseksualiteit

Ek dink een van die groot foute wat ons as christene maak is om te dink alles wat ons glo is ewe belangrik. Dit is nie waar nie.

Handelinge 15 help ons oor hoe ons van mekaar kan verskil.

Die boek Handelinge vertel die verhaal van 'n klein klompie dissipels wat ongeveer 200 jaar gelede vanuit Jerusalem die evangelie van Jesus Christus oor die lengte en breedte van die destydse wêreld versprei het.

- Hierdie klein groepie vreeslose apostels het krag van die Heilige Gees ontvang en hulle het in sinagoges, skole, huise en raadsale gewerk; op markpleine, strate, tronke, skepe en afgeleë paaie. Waar God hulle ook al gestuur het, is lewens by die dag verander.
- In Handeling 15 lees ons van 'n onderonsie tussen verskillende groepe want party mense het geglo: 1) nie-Jode moes eers Joods word voordat hulle gered kon word, en ander het weer gesê 2) Geloof in Christus is die enigste vereiste vir verlossing.
- Handeling 15 is tot vandag vir ons 'n inspirerende verhaal wat ons ook kan help oor hoe ons onderonsies oplos en mekaar nodig het as ons sin soek in 'n verwarde wêreld.

### **Definisie:**

#### **Onderonsie** s.n.w.

1 Huislike fees van naasverwante (waar is dit lekker? Onder ons)

2 Intieme geselsie van 'n groepie belanghebbendes (elke gesin sy eie gebruike en woorde – ons kamp altyd met 'n tent en oudste, toe sy klein was, gevra: Gaan ons temp?)

3 Geheime, kliekerige gekonkel

4 Berispande teregwysing, struweling, onenigheid, wedywering

Baie interessant het die woord van sy oorspronklike positiewe betekenis verander na 'n negatiewe woord. Van 'n huislike fees na 'n struweling of onenigheid of wedywering.

Handeling 15 gee vir ons 2 basiese riglyne:

1. Erken en hanteer die verskille wat julle beleef en
2. Fokus op God se blye nuus (die essensiële)

### **1. Erken en hanteer die verskille wat julle beleef**

Ons dink soms as christene dat ons nie mag kwaad word nie. Dit is eenvoudig nie waar nie. Ons lees in Efesiërs 4:26: "As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie".

#### **So paar opmerkings:**

- Keer dat verskille geskille raak.
- Don't jump to confusions.
- Kommunikasie is "Face to face" en nie "facebook to facebook" nie.
- Eyeball more important than your IQ.
- Listen people into existence.
- Gehoorsaam beteken ons het saam gehoor en dit maak ons gehoorsaam.

Wat opvallend is, is die moeite wat die mense met mekaar maak. Hulle loop 900 plus km om mekaar in die oë te kyk. Hulle loop van Antiogië af Jerusalem toe (900 plus km). Hoe lyk dit met ons? Ek loop nie eens na my buurman toe nie. Selfs so moeg ek loop nie eens na my eie vrou of kind toe nie.

Dit is eintlik baie eenvoudig: Praat met God oor die ander persoon, voor jy moet die ander persoon gaan praat. Praat met die ander persoon, voor jy met 'n ander persoon, oor die ander persoon praat.

## 2. Fokus op God se blye nuus (die essensiële)

Kom droom saam en kom vertel van die wonder van God se genade en hoe mense se lewens verander het.

Hoe weet ons wat is die essensiële in 'n christen se lewe. Dalk kan die metafoor van die pyltjebord ons help.



Die bord het 'n rooi kolletjie in die middel. As jy hom raak gooi, het jy 'n "bull" gegooi. Die middelkol, die "bull"

van ons geloof is Jesus Christus wat bereid was om aan 'n kruis sy lewe vir ons af te lê, en om daardeur vir ons van al ons sonde te verlos. Hieroor is die Bybel baie duidelik. Die res is nie altyd so duidelik nie.

Die beginsel is:

In essentials, unity;  
in nonessentials, liberty;  
in everything, love.

In kernsake – eenheid

In nie kernsake – vryheid

In alles – liefde

### Slot:

Ek bid dat ons onderonsie 'n "intieme geselsie van 'n groepie belanghebendes" sal wees en word. Dat ons 'n nuwe storie skryf van God se genade en onder ons word dit 'n "Fees van naasverwantes."